

these objectives will be attained. The importance of continued close co-ordination between monetary, fiscal and other economic policies therefore needs to be underlined.

## Notes to tables

Attention is again drawn to the fact that revisions of some of the figures appearing in the *Quarterly Bulletin* are effected once a year in the June issue. All the seasonally adjusted series have been revised, not only to take into account changing seasonal patterns but also as a result of revisions of the basic data. In contrast to the usual practice, particulars of private capital movements during 1973 have not been published in table S-60. These figures will only become available after the compilation and processing of the data collected in terms of the Second Census of Foreign Transactions, Liabilities and Assets.

In hierdie opsig sal die betalingsbalans 'n sleutelfaktor wees en die monetêre owerhede sal die situasie natuurlik voortdurend in die oog hou.

Wat die bouverenigings betref, word dit as onvermydelik aanvaar dat hul verbandkoerse verhoog sal moet word, maar daar word gehoop dat hulle hierdie verhoging soveel as moontlik sal beperk. Hierbenevensal die Regering binnekort 'n verklaring uitreik aangaande die uitbreiding van die bestaande subsidieskemas met betrekking tot rentekoerse op bouverenigings- en plaasverbandlenings en ten opsigte van behuisingslenings vir staatsamptenare.

Om die genoemde redes word verwag dat die aangekondigde aanpassings van die monetêre beleid sal help om vraaginflasie in toom te hou, 'n netto invloeiing van buitelandse kapitaal aan te moedig, die reserwes te ondersteun, en op al hierdie maniere by te dra tot die basiese beleidsdoelstelling om vinnige ekonomiese groei op 'n gesonde grondslag te handhaaf. Op sy eie kan monetêre beleid natuurlik nie verseker dat hierdie doelstellings bereik sal word nie. Die belangrikheid van voortgesette noue koördinasie tussen monetêre, fiskale en ander vorms van ekonomiese beleid moet derhalwe beklemtoon word. ,

## Opmerkings oor tabelle

Die aandag word weer eens gevestig op die feit dat sommige van die syfers wat in die *Kwartaalblad* verskyn, een keer per jaar in die Junie-uitgawe hersien word. Alle reekse waarvan die seisoensinvloed uitgeskakel is, is hersien, nie alleen om veranderde seisoenspatrone in ag te neem nie maar ook as gevolg van hersienings van die basiese gegewens. In teenstelling met die gebruik is besonderhede omtrent private kapitaalbewegings gedurende 1973 nie in tabel S-60 gepubliseer nie. Hierdie syfers sal eers beskikbaar wees ná die samestelling en verwerking van die gegewens wat versamel word met die Tweede Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates.